NETwerk

van dienste aan gemeentes in Suid-Afrika

Dr Chris van Wyk is gemeente-predikant by die NG gemeente Somerstrand. Hy is ook lid van die kernspan van die nuwe Gemeente Dienste Netwerk.

Chris van Wyk

FOKUS OP GEMEENTEBEGELEIDING

Gemeentes maak 'n verskil in die wêreld

Gemeentebegeleiding geniet reeds 'n paar dekades lank voorrang op die agenda van die breë verband van die NG Kerk. Die fokus van die verband is op die begeleiding van plaaslike gemeentes as **eerste orde prioriteit** deur onder andere:

- die gemeentebou strategieë van die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening (AKG – toe nog Ampsbediening en Evan-gelisasie) en Bybelkor in die tagtigerjare gerig op leiers en lidmate;
- die transformasie van streeksinodes in die negentigerjare om meer gemeente-sentries te funksioneer; en
- die fasiliteringstrategieë van die nuwe millennium om gemeentes konsultatief te begelei.

Geen wonder nie. Die konsensus van die Nuwe-Testamentiese visie op die kerk is dat **gemeentes God se geskenk aan die wêreld is**. Gemeentes is die draers van die waarheid. Lewende en getroue gemeentes is draers van die goeie nuus van die lewende drie-enige God aan alle mense in nood. Gemeentes maak 'n verskil in die wêreld deur getrouheid aan hulle belydenis oor God, die handhawing van hulle identiteit as God se mense, die verbintenis aan hulle roeping as God se gestuurdes in hierdie wêreld en toewyding aan hulle bediening as konkrete gehoorsaamheid aan die leiding van God.

Die waarde van dié fokus kan nie oorskat word nie. Wanneer die klem eerder op die begeleiding van gemeentes val as op 'n eensydige klem op die individuele ontwikkeling van leraars, voorkom dit dat 'n verbruikersmentaliteit by gemeentes bevorder word. Gemeentebegeleiding ontgin die gawes van gewone gelowiges in die opbou en bemagtiging van die hele kerk. Deur lidmate en gemeentes te begelei, word die gemeente as sodanig die voertuig waardeur God die wêreld kan bereik.

BESTAANDE DIENSTE AAN GEMEENTES

Oor die afgelope dekades het **uitnemende dienslewering** op verskillende terreine tot stand gekom:

- Bybelkor het verander in Bybel-media en lewer uitgebreide media dienste (soos ook die ander uitgewers van die NG Kerk) wat persoonlike raadgewingsdienste sowel as diplomakursusse insluit.
- Die drie Kweekskole het buro's vir verdere teologiese opleiding – VTO's – gestig en lewer uitgebreide dienste aan leraars en lidmate deur navorsingsgroepe, program-, vraelys- en kursusontwikkeling, retraites sowel as die begeleiding van prosesse. Die Algemene Sinode het dié VTO kursusse verpligtend vir alle leraars gemaak.
- By die universiteit van Vista het die Sentrum vir Kontekstuele Bedieningshulp (SKB) tot stand gekom wat op opleiding, veral in Afrika, en konsultasie fokus.
- Op Stellenbosch het die Eenheid vir Godsdiens-Demografiese Navorsing (EGDN) tot stand gekom wat geweegde inligting aan die hand van die sensus data aan die kerklike publiek beskikbaar stel.
- Sinodes het sterk begin fokus op predikantebegeleiding en onder andere in samewerking met die Algemene Kommissie vir Predikantebegeleiding (AKPB) pastor pastorum en mentor begeleidingsdienste geskep. Hierby het fasilitering- en konsultasiedienste aan gemeentes gekom (onder andere deur die opleiding van die Church Facilitation Network [CFN]), sowel as standplaaswisseling en 'n reeks ander plaaslike dienste.

Hierdie ontwikkeling van dienste het egter onvermydelik gelei tot 'n **behoefte aan groter sinergie tussen die verskillende rolspelers**. Daar is 'n groot behoefte aan:

- die **belyning van dienste** aan die hand van 'n gedeelde ekklesiologie,
- die **ontwikkeling van maatstawwe** vir die vergelyking van die gehalte en verwagte uitkomste van bestaande (en ekumeniese) programme en kursusse ("benchmarking") en
- die **ontwikkeling van 'n netwerk van kundiges** wat verdere uitnemende navorsing en ontwikkeling kan bevorder, onnodige duplisering kan uitskakel, doeltreffende samewerking in die verband kan bevorder en 'n onderlinge kultuur van leerverhoudings kan skep ter wille van gemeentes.

DIE STIGTING VAN 'N GEMEENTE DIENSTE NETWERK

Die AKG, die VTO-forum, die AKPB, die Taakspan vir Strategie, Kommunikasie en Stelsels van die Algemene Sinode, die EGDN, die SKB, CFN, rolspelers uit die onderskeie netwerke vir gemeentedienste in sinodes, gemeentekonsultante en Bybel-media het 'n eerste verkennende vergadering gehad in Augustus 2003 om die moontlikhede van só 'n hele netwerk van dienste aan gemeentes te ondersoek.

Konsensus het ontstaan by al die deelnemers dat die behoefte aan so 'n netwerk baie wyd en algemeen is en dat 'n kernspan (Drr Frederick Marais, Arnold Smit en Chris van Wyk) die ontwikkeling van 'n **Gemeente Dienste Netwerk** (GDN) verder moet voer. 'n Verslag is aan die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) voorgelê en na hulle goedkeuring is die GDN deur bogenoemde rolspelers gestig.

Onderhandelinge is tans aan die gang om gestalte te gee aan die volgende oorkoepelende **visie**:

> Om bestaande dienste aan gemeentes en predikante in 'n netwerk te plaas om kundigheid en bronne te deel tot voordeel van die kerk en koninkryk.

Die visie sal uitgevoer word deur **twee strategieë**:

- die skep van leersituasies deur **forums** om mense en dienste te ontwikkel as aanvulling van die bestaande navorsingsgroepe;
- die totstandkoming van 'n **buro** wat 'n netwerk-funksie kan vervul. Dié buro sal as 'n adres en verwysingspunt vir bestaande dienste en gemeentes funksioneer en 'n tydskrif (heel moontlik *Kruisgewys*) as kommunikasie-instrument vir die dienste uitgee.

ONTWIKKELING VAN 'N VOORKEUR INLIGTINGSPUNT VIR DIENSTE AAN GEMEENTES

Die droom is om 'n **voorkeur inligtingspunt vir dienste aan gemeentes** te skep – fisies deur 'n kantoor en virtueel deur die Internet. Omdat die GDN nie eksklusief aan enige rolspeler sal behoort nie, kan dienste genetwerk word sonder dat enige rolspeler voorgetrek word. Daarby sal die fokus van die GDN nie op selfstandige dienslewering wees nie, maar op die bevordering van bestaande en nuwe dienste in die netwerk. Die GDN sal dus nie afhanklik wees van enige rolspeler nie, maar diensbaar aan almal.

Die voordeel wat die netwerk van dienste hieruit sal trek, is reeds hierbo genoem: belyning van dienste, ontwikkeling van maatstawwe van gehalte en uitkomste en die blootstelling aan die hele netwerk van kundigheid.

Die **voordeel** wat vir gemeentes hiervan sal onder andere wees:

- die groter **beskikbaarheid** van hulpmiddels en begeleiers vanuit die hele netwerk van bronne en kundiges (ook ekumenies);
- 'n beter evaluering van die **geskiktheid** van dienste vir elke plaaslike konteks, opgebou uit die insette vanuit die hele netwerk van dienste; en
- die versekering dat al die dienste aan gemeentes metodies en inhoudsgewys **op datum** bly, weereens deur die insette vanuit die hele netwerk.

Ons hoop dat die onderhandelinge met die rolspelers uiteindelik 'n **adres** vir die buro-funksie sal verskaf, wat 'n baie belangrike deel is van die impak van die dienste wat gelewer sal word. Die ondervinding in gemeentebegeleiding leer ons dat dienste nie net deur deeltydse personeel gelewer kan word nie. Geloofwaardigheid en uitnemende dienslewering word met tyd opgebou deur 'n langtermyn verbintenis aan ontwikkeling en investering in die opbou van kapasiteit.

Mag dié droom van 'n netwerk van dienste
vir gemeentes 'n werklikheid word
wat inderdaad tot voordeel van die
hele kerk en die koninkryk sal strek.